



Hoofstuk

7

ERASA

Uithourit Vereniging van Suid-Afrika

Dissiplinêre Proseses

HOOFSTUK 7: DISSIPLINÊRE PROSES

REGISTER VAN WYSIGINGS – HOOFSTUK 7

Artikel	Onderwerp	Datum van wysiging
7.3.2.1	Klagtes by Nasionale Kampioenskappe – nuwe artikel	6 Nov 2011
7.3.2.1	Indien van klagtes – hernommer na 7.3.2.2	6 Nov 2011
7.3.2.2	Indien van klagtes – hernommer na 7.3.2.3	6 Nov 2011
7.3.2.3	Indien van klagtes – hernommer na 7.3.2.4	6 Nov 2011

HOOFSTUK 7: DISSIPLINÊRE PROSES

- 7.1 Woordbepaling
- 7.2 Inleiding
- 7.3 Indien van klagtes
- 7.4 Dissiplinêre optrede tydens 'n rit
- 7.5 Dissiplinêre optrede anders as tydens 'n rit

7.1 WOORDBEPALING.

By die uitleg van hierdie reëls dra elke woord of uitdrukking die betekenis soos hieronder uiteengesit, tensy dit uit die sinsverband of samehang van woorde blyk dat die betrokke woord of uitdrukking 'n ander betekenis dra. Die betekenis van woorde soos omskryf in die Grondwet en ander hoofstukke van die reëlboek van ERASA is ook op hierdie hoofstuk van toepassing, tensy dit uit die sinsverband of samehang van woorde blyk dat die betrokke woord of uitdrukking 'n ander betekenis dra. Woorde wat die enkelvoud aandui kan ook die meervoud beteken en manlike terme kan ook vroulike terme beteken, na gelang van die verband waarin dit gebruik word.

7.1.1 Klagtes. Rapportering van die nie-nakoming van die Grondwet en Reëls van ERASA, klagtes rakende die gedrag van deelnemers en/of beamptes en besware teen beslissings wat deur beamptes tydens die ritbyeenkoms geneem is (met die uitsondering van beslissing deur die veteriniêre paneel of veteriniêre kommissie, waarteen geen besware ingedien mag word nie) word hierna gesamentlik na verwys as klagtes.

7.2 INLEIDING

7.2.1 ERASA se oorhoofse doel en funksie is om die uithouritsport in geheel te bevorder en ten einde hierdie doel te verwesenlik is dit nodig vir ERASA om wanneer en indien nodig dissiplinêre optrede teen sy lede in te stel en sodanige strawwe toe te meet as wat nodig mag wees om te verseker dat dissipline onder die lede gehandhaaf word.

7.2.2 Alle lede van die vereniging is gebonde aan die dissiplinêre reëls soos hierin uiteengesit en is daaraan onderworpe.

7.2.3 Onderskeid word getref tussen:

7.2.3.1 Dissiplinêre optrede tydens 'n rit welke optrede by wyse van summiere verrigtinge tydens die rit afgehandel word; en

7.2.3.2 Formele dissiplinêre optrede waar 'n verhoor geskied voor 'n voorsittende beampte.

7.2.4 Dissiplinêre stappe kan oorweeg word onder die volgende omstandighede:

7.2.4.1 Wanneer 'n lid enige bepaling van die grondwet of reëls van die Vereniging verbreek het.

- 7.2.4.2 Wanneer 'n lid deur optrede en/of nie-optrede die Vereniging werklike of potensieële oneer en/of skade aangedoen het en/of deur sy/haar optrede of uitlatings die doelstellings van die Vereniging verydel het en/of volgens die oordeel van die Vereniging (Raad, Unie of Klub) oneerbaar opgetree het.
- 7.2.4.3 Wanneer 'n lid doelbewus onjuiste inligting aan die Vereniging en/of 'n beampte(s) van die Vereniging verstrekket, en/of doelbewus enige gebrek en/of besering van 'n perd weerhou het van 'n beampte(s) en/of die identiteit van 'n perd verdoesel en/of verander het.
- 7.2.4.4 Wanneer 'n lid in gebreke bly om uitstaande ledegeld of affiliasiegeld te betaal binne sestig (60) dae nadat 'n aanmaning deur die tesourier van die Klub by wyse van 'n geregistreerde brief aan hom/haar gepos is.
- 7.2.4.5 Wanneer 'n lid daaraan skuldig bevind word dat hy/sy 'n perd mishandel het

7.3 INDIEN VAN KLAGTES

- 7.3.1 Enige lid, beampte, komitee, bestuurskomitee, lid van die spanbestuur of die Raad (hierna gesamentlik na verwys as "klaer") kan 'n klagte by 'n dissiplinêre komitee (soos hieronder uiteengesit) indien sodat die aangeleentheid ondersoek en, sou dit geregverdig wees, dissiplinêre stappe geneem kan word.
- 7.3.2 Klagtes rakende oortredings wat tydens 'n ritbyeenkoms aan die lig kom:
- 7.3.2.1 By Nasionale Kampioenskappe moet lede eers alle klagtes by die President van die Unie (of sy genomineerde verteenwoordiger) waarby die lid wat die klagte wil indien se klub geaffilieer is, indien.
- 7.3.2.1.1 Die President van die Unie (of sy genomineerde verteenwoordiger) sal die klagte dan ondersoek en, indien moontlik, afhandel.
- 7.3.2.1.2 Indien die klagte nie op hierdie vlak afgehandel kan word nie, sal die President van die Unie (of sy genomineerde verteenwoordiger) die klagte indien/die lid wat die klagte aanvanklik ingedien het adviseer om die klagte in te dien soos in artikels 7.3.2.2 tot 7.3.2.4 omskryf.
- 7.3.2.2 Klagtes moet by die Ritmeester of die President van die "Ground Jury" wat by die rit diens doen ingedien word.
- 7.3.2.3 Klagtes kan te enige tyd gedurende die ritbyeenkoms ingedien word, maar nie later as dertig (30) minute na die prysuitdeling van die rit nie. Al hierdie klagtes sal deur die dissiplinêre komitee van die rit hanteer word.

7.3.2.4 Klagtes kan mondeling ingedien word, met dien verstande dat die klaer die klagte tydens die sitting van die dissiplinêre komitee sal herhaal.

7.3.3 Klagtes rakende oortredings wat tydens 'n ritbyeenkoms plaasgevind het maar eers na afloop daarvan aan die lig kom en/of oortredings wat nie tydens 'n ritbyeenkoms plaasgevind het nie.

7.3.3.1 Klagtes moet by die Algemene Bestuurder van ERASA ingedien word, wat dit na die Dissiplinêre Komitee van die Raad van ERASA sal verwys.

7.3.3.2 Klagtes moet op skrif en onderteken wees deur die persoon(e) wat die klagte indien.

7.3.3.3 Klagtes moet verkieslik binne dertig (30) dae nadat die voorval plaasgevind het, ingedien word.

7.4 DISSIPLINÊRE OPTREDE TYDENS 'N RIT

7.4.1 Aanstelling, doel en bevoegdheid van die Dissiplinêre Komitee van die Rit

7.4.1.1 Daar sal by elke rit op welke vlak ook al dit aangebied word, 'n dissiplinêre komitee aangestel word. Hierdie komitee sal bestaan uit die volgende:

7.4.1.1.1 By ritte onder die reëls van ERASA

- Die ritmeester wat by die betrokke rit diens doen tree as voorsitter van die komitee op (indien 'n ritmeesterskomitee by die rit optree, sal die hoofritmeester as voorsitter van die komitee optree, en sal die ander lede van die ritmeesterskomitee as lede van die Dissiplinêre Komitee van die Rit dien).
- Die voorsitter van die ritkomitee of die voorsitter van die klub wat die rit aanbied dien as lid op die komitee (by Nasionale Kampioenskappe sal die koördineerder van die kampioenskappe hierdie rol vervul).
- Die hooftydhouer wat by die rit optree dien as lid van die komitee indien die klagte aspekte van tydhouding raak.
- Die hoofveearts wat by die rit optree dien as lid van die komitee indien die klagte aspekte van veeartsenykunde raak.
- Die komitee kan enige ander kundige persoon koöpteer om die komitee te adviseer na gelang van behoefte en omstandighede.
- Die sekretaresse van die klub/unie wat die rit aanbied (of 'n ander geskikte lid van die klub/unie) woon die sitting van die komitee by, sonder stemreg, om notule te neem van die verrigtinge. By Nasionale Kampioenskappe sal die koördineerder van die kampioenskappe 'n sekretaresse aanwys. 'n Elektroniese of meganiese opname kan van die verrigtinge gemaak word.

7.4.1.1.3 By ritte wat onder die reëls van die Federation Equestre Internationale (FEI) aangebied word, sowel as by gekombineerde ritte (deels onder die reëls van ERASA en deels onder die reëls vandie FEI):

- Die President van die “Ground Jury” tree as voorsitter van die komitee op en die ander lede van die “Ground Jury” dien as lede van die komitee.
- Die voorsitter van die ritkomitee dien as lid op die komitee.
- Die ritmeester wat aangestel is oor die ERASA-komponent van die rit (by gekombineerde ritte) dien as lid op die komitee indien die oortreder onder die ERASA reëls ingeskryf het.
- Die hoofthydhouer wat by die rit optree dien as lid van die komitee indien die klagte aspekte van tydhouding raak.
- Die president van die veteriniêre kommissie wat by die rit optree dien as lid van die komitee indien die klagte aspekte van veeartsenykunde raak.
- Die komitee kan enige ander kundige persoon koöpteer om die komitee te adviseer na gelang van behoefte en omstandighede.
- Die voorsitter van die ritkomitee wys ’n sekretaresse aan wat die sitting van die komitee bywoon, sonder stemreg, om notule te neem van die verrigtinge. ’n Elektroniese of meganiese opname kan van die verrigtinge gemaak word.

7.4.1.2 Die bevoegdheid van die Dissiplinêre Komitee van die rit is om ’n klagte wat onmiddellike aanhoring vereis aan te hoor en ’n bevinding te maak ten aansien daarvan, en hierdie komitee het die volgende strafbevoegdheid:

7.4.1.2.1 ’n Skriftelike waarskuwing

7.4.1.2.2 ’n Besluit of ’n lid/perd met die bestaande rit mag voortgaan al dan nie

7.4.1.2.2 Om ongeag die besluit soos in artikel 7.4.1.2.2 ’n maksimum boete van R500-00 op Te lê. Alle boetes ingestel in terme van hierdie reëls is betaalbaar aan ERASA. Die beskuldigde moet binne sestig (60) dae na die datum van die rit die boete aan ERASA oorbetaal. Versuim om te betaal binne sestig dae na die datum van die rit sal lei tot die skorsing van beide die lid en die perd totdat die boete ten volle betaal is.

7.4.3 Prosedure van die Dissiplinêre Komitee van die Rit

7.4.3.1 Sodra ’n klagte by die ritmeester/president van die “Ground Jury” aangemeld word sal die ritmeester/president van die “Ground Jury” die Dissiplinêre Komitee van die Rit byeenroep en die klagte by die komitee lê.

7.4.3.2 Die komitee sal dan die lid onmiddellik inroep en sal in die teenwoordigheid van die lid getuienis ten aansien van die betrokke klagte aanhoor.

7.4.3.3 Geen aanklaer sal aangestel word en geen regsverteenvoerding vir die lid sal toegelaat word nie. Die lid sal geregtig wees om enige getuies self te kruis ondervra en self getuienis aan te bied.

- 7.4.3.4 Tydens oorweging van die feite sal die komitee besin of die oortreding van sodanige aard is dat dit verwys moet word na die Dissiplinêre Komitee van die Raad van ERASA vir verdere oorweging en optrede en, indien dit hul mening is, die saak vir verdere hantering na die Dissiplinêre Komitee van die Raad van ERASA verwys sonder om enige straf op te lê.
- 7.4.3.5 Indien die oortreding nie na die Dissiplinêre Komitee van die Raad van ERASA verwys word nie, sal die Dissiplinêre Komitee van die Rit na aanhoring van die relevante getuienis 'n onmiddellike bevinding maak in terme van sy bevoegdheid soos hierbo na verwys. Die bevinding word gemaak deur 'n gewone meerderheid van stemme, en die voorsitter van die komitee het 'n beslissende stem in geval van 'n staking van stemme. Die lid word onmiddellik ingelig van die besluit.
- 7.4.3.6 Die komitee moet volledig skriftelik rekord hou van die verrigtinge en van sy bevinding.
- 7.4.3.7 By die neem van die besluit word dit van die komitee verwag om met behoorlike toewyding aandag aan die getuienis te gee en daarna hul bevinding uit te bring.
- 7.4.3.8 Die bevinding van die komitee word aan die Dissiplinêre Komitee van die Raad van ERASA deurgegee.
- 7.4.3.9 Die beslissing van die komitee is finaal en nie appelleerbaar nie, maar hierdie bepaling sluit nie die hersiening van die verrigtinge deur die Dissiplinêre Komitee van die Raad van ERASA uit nie.

7.5 DISCIPLINÊRE OPTREDE ANDERS AS TYDENS 'N RIT

7.5.1 Dissiplinêre Komitee van die Raad van ERASA

7.5.1.1 Daar word jaarliks 'n Dissiplinêre Komitee deur die Raad van ERASA aangestel.

7.5.1.2 Die Dissiplinêre Komitee van die Raad van ERASA se doel en taak is die volgende:

7.5.1.2.1 Om alle klagtes te ontvang.

7.5.1.2.2 Om na ontvangs van 'n klagte by wyse van gewone meerderheid van stemme te besluit of daar meriete in 'n klagte is en indien wel 'n ondersoekkomitee aan te stel om die klagte te ondersoek.
Sodanige ondersoekkomitee:

- Kan uit enige aantal lede bestaan (insluitend 'n eenmanskomitee).
- Versamel getuienis ten opsigte van die klagte wat ontvang is, verkieslik deur beëdigde verklarings van toepaslike getuies te bekom. Tydens die ondersoek is die lid wat ondersoek word nie geregtig om enige insae en of verteenwoordiging of verteenwoordigheid by die inwin van die getuienis te hê nie.
- Verkry enige ander vorm van bewysmateriaal (soos byvoorbeeld foto's).

- Bind alle verklarings en bewysmateriaal in 'n dossier en verskaf die dossier aan die Dissiplinêre Komitee van die Raad van ERASA (alle bewysmateriaal wat nie vatbaar is vir die bind in 'n dossier nie word volledig omskryf in die dossier en daar word aangedui waar sodanige bewysmateriaal geberg en/of gestoor word. In gevalle waar 'n monster wat van 'n perd geneem was tydens 'n rit deur 'n laboratorium positief getoets word vir verbode middels, sal die verslag (verslae, indien die B Monster ook ontleed is) van die laboratorium met gepaardgaande dokumente en insette van die ERASA Raadsveearts as dossier van die ondersoekkomitee geag word.
- Moet binne dertig (30) dae na aanstelling en ontvangs van die opdrag van die Dissiplinêre Komitee van die Raad van ERASA die uitslag van sy ondersoek by die Dissiplinêre Komitee van die Raad van ERASA indien, tensy besondere omstandighede vereis dat die indien daarvan uitgestel word, met dien verstande dat hierdie uitstel vooraf deur die Dissiplinêre Komitee van die Raad van ERASA gemagtig word.
- Is verplig om alle inligting asook die klagte wat dit ondersoek as vertroulik te hanteer.

7.5.1.2.3 Om, nadat die ondersoekkomitee hul ondersoek afgehandel het, die dossier van die ondersoek-komitee te ontvang en dan by wyse van gewone meerderheid te besluit of daar wel vervolging teen 'n lid ingestel gaan word al dan nie. Die Dissiplinêre Komitee van die Raad van ERASA mag, voordat 'n finale besluit geneem word, regsopinie in die verband inwin.

7.5.1.2.4 Om, in die geval waar vervolging ingestel word, 'n voorsittende beampte, met of sonder assessore, en 'n aanklaer aan te stel wat die dissiplinêre verhoor sal hanteer.

7.5.2 Prosedure

7.5.2.1 Die aanklaer bestudeer die dossier van die ondersoekkomitee, en kan verdere ondersoek instel en/of addisionele getuienis inwin, waarna hy 'n klagte formuleer en die lid in kennis stel van die vervolging. 'n Afskrif van die dossier en aanvullende ondersoek dokumente/getuienis (indien enige) word aan die betrokke lid of sy regsvertegenwoordiger beskikbaar gestel.

7.5.2.2 Die lid moet binne 'n periode van 30 dae na ontvangs van die dossier skriftelik aan die aanklaer bevestig of hy/sy die aanklag erken of ontken. Indien geen sodanige bevestiging ontvang word nie sal dit geag word dat so 'n lid die aanklag ontken.

7.5.2.3 In die geval waar die lid die aanklag erken:

7.5.2.3.1 Moet hy tesame met sy skriftelike bevestiging van sodanige erkenning ook 'n verduideliking ten opsigte van sy oortreding gee.

7.5.2.3.2 Sal die aanklaer die lid binne 15 dae na die skriftelike bevestiging van erkenning van die klag en die daarmee gepaardgaande verduideliking in kennis stel van 'n datum waarop die lid voor die voorsittende beampte moet verskyn.

7.5.2.3.3 Prosedure tydens voormelde verskyning

- Die voorsittende beampte sal aan ERASA die geleentheid hê om enige strafverswarende feite aan die voorsittende beampte te openbaar.
- Daarna sal die voorsittende beampte aan die lid geleentheid hê om enige strafversagte feite aan die voorsittende beampte te openbaar.
- Daarna word die lid formeel deur die voorsittende beampte 'n gepaste straf opgelê
- Die strafbevoegdheid van die voorsittende beampte is in sy algehele diskresie maar binne die parameters soos uiteengesit in artikel 7.5.2.5.
- Die voorsittende beampte is verplig om die verrigtinge sowel as die getuienis te notuleer en 'n elektroniese of meganiese opname van die verrigtinge kan gemaak word.
-

7.5.2.4 Met ontkenning van die aanklag

7.5.2.4.1 Nadat 'n lid die klagte en die dossier ontvang het en aangedui het dat hy onskuldig gaan pleit word 'n datum vir die verhoor binne 'n periode van 90 dae vanaf die datum waarop hy sodanig aangedui het, bepaal.

7.5.2.4.2 In die geval waar 'n lid oor regsverteenvoordiging beskik word die datum van die verhoor in oorleg met die regsverteenvoordiger bepaal heelyd onderhewig daaraan dat die verhoor so spoedig doenlik afgehandel word.

7.5.2.4.3 Die plek van die verhoor word in die algehele diskresie van die voorsittende beampte bepaal.

7.5.2.4.4 Tydens die dissiplinêre verhoor geld die volgende proses:

- Die klagte word formeel aan die lid gestel.
- Daarna kry die aangeklaagde lid die geleentheid om sy pleit van onskuldig op die klagte te bevestig, en om formeel aan te dui of daar enige aspekte is wat deur hom erken word betreffende die klagte en moet die voorsittende beampte formeel vasstel watter aspekte in geskil is en watter aspekte deur die lid erken word.
- Aspekte wat deur die lid erken word, word geag bewys te wees en geen verdere getuienis is nodig nie.

- Daarna word daar aan die aanklaer die geleentheid gebied om getuies te roep om sodoende die relevante getuienis voor die voorsittende beampte te plaas.
- Getuienis word ooreenkomstig die reëls van natuurlike geregtigheid aangebied behalwe in die geval waar die lid toestem tot 'n ander vorm van getuienis.
- Die lid of sy regsverteenwoordiger is geregtig om elke getuie te kruisondervra en na afhandeling van sodanige kruisondervraging is die aanklaer geregtig op herondervraging.
- Die voorsittende beampte is geregtig om te enige tyd sodanige vrae ter opheldering van enige aspek as wat hy mag goed ag aan enige van die getuies te stel.
- Na aanbieding van alle getuies deur die aanklaer word die saak vir die vervolging formeel gesluit.
- Die lid of sy regsverteenwoordiger kry dan die geleentheid om sy/haar getuies te roep en geld dieselfde bepalings *mutatis mutandis* ten opsigte van kruis- en herondervraging sowel as die vrae wat die voortsittende beampte ter opheldering mag stel.
- Daarna sluit die lid sy/haar saak.
- Na sluit van die saak kry die aanklaer die geleentheid om die hof toe te spreek rakende skuldigbevinding waarna die lid of sy regsverteenwoordiger sodanige geleentheid kry.
- Daarna kry die voorsittende beampte die geleentheid om sy bevinding uit te bring. Dit word van die voorsittende beampte verwag om, tensy daar in sy/haar uitsluitlike diskresie, omstandighede bestaan wat hom/haar noop om langer tyd te neem vir sy bevinding, die bevinding en redes daarvoor binne vyf (5) werksdae van die verhoor uit te bring.
- In die geval van 'n skuldig bevinding kry die aanklaer die geleentheid om die voorsittende beampte toe te spreek en getuienis te roep aangaande 'n gepaste straf waarna die lid of sy regsverteenwoordiger die voorsittende beampte toespreek en getuienis kan roep oor 'n gepaste straf.
- Daarna lê die voorsittende beampte die gepaste straf op en gee sy redes daarvoor.
- Die voorsittende beampte se besluit is finaal en nie appelleerbaar nie maar sluit hierdie bepaling nie die hersiening van die verrigtinge deur 'n gepaste hof uit nie.
- ERASA is verantwoordelik vir die koste van die voorsittende beampte en die aanklaer en die aangeklaagde lid vir die koste van sy regsverteenwoordiging.
- Geen kostebevel word deur die voorsittende beampte gemaak nie.
- Die voorsittende beampte is verplig om die verrigtinge sowel as die getuienis te notuleer en 'n elektroniese opname van die verrigtinge kan gemaak word.
- Die strafbevoegdheid van die voorsittende beampte is in sy algehele diskresie maar binne die parameters soos uiteengesit in artikel 7.5.2.5.

7.5.2.5 In alle gevalle (beide met erkenning en ontkenning van die aanklag) is die strafbevoegdheid van die voorsittende beampte die volgende

7.5.2.5.1 'n Formele skriftelike waarskuwing.

7.5.2.5.2 Diskwalifikasie (dit beteken dat die ruiter en perd van die uitslae van die rit verwyder word, en dat enige pryse wat ontvang is, verbeur en teruggehandig moet word.

7.5.2.5.3 'n Boete van 'n maksimum bedrag van R 10 000-00 (alle boetes ingestel in terme van hierdie reëls is betaalbaar aan ERASA. Die beskuldigde moet binne sestig (60) dae na die datum van die aankondiging van die straf die boete aan ERASA oorbetaal. Versuim om te betaal binne sestig dae na die aankondiging van die straf sal lei tot skorsing van beide die lid en die perd (indien van toepassing) totdat die boete ten volle betaal is.

7.5.2.5.4 Tydelike skorsing van die lid, welke skorsing nie die tydperk van twee (2) jaar mag oorskry nie.

7.5.2.5.5 Permanente skraping van die lid.

7.5.2.5.6 Wegneem van Suid Afrikaanse kleure en/of Federasie kleure en/of ERASA erekleure.

7.5.2.5.7 'n Kombinasie van bovermelde strawwe.

7.5.2.5.8 Om enige van bovermelde strawwe vir 'n periode op te kort.

7.5.2.6 In alle gevalle word die bevinding en vonnis deur die voorsittende beampte aan die Dissiplinêre Komitee van die Raad van ERASA deurgegee.

7.5.2.5 Die Dissiplinêre Komitee van die Raad van ERASA sal toesien dat die bevinding en vonnis van alle sake deur die Algemene Bestuurder van ERASA op 'n geskikte wyse aan alle lede van ERASA bekend gemaak word.